Geagte Ouer,

KENNISGEWING TEN OPSIGTE VAN SKOOLFONDS BETAALBAAR VIR DIE 2019 SKOOLJAAR ASOOK DIE PROSEDURES WAT GEVOLG MOET WORD WANNEER AANSOEK OM VRYSTELLING OF GEDEELTELIKE VRYSTELLING VAN BETALING VAN SKOOLFONDS GEDOEN WORD IN TERME VAN DIE SKOLE WET (WET NO 84 VAN 1996)

Hiermee wil ek graag die volgende baie belangrike informasie aangaande u kind(ers) se skoolfondsbydraes vir die jaar 2019 onder u aandag bring. Dit is baie belangrik om daarop te let dat meegaande kennisgewing en prosedures slegs geld vir die 2019 skooljaar.

Daar sal steeds voortgegaan word om vorige jare se uitstaande skoolfonds wat gehef is in te vorder al sou u vir gedeeltelike vrystelling of algehele vrystelling kwalifiseer vir die 2019 skooljaar.

Let asseblief daarop dat skoolfonds betaalbaar is in terme van Artikel 40 van die Skole Wet tensy en tot die mate wat u as ouer daarvan vrygestel is aan die hand van sekere kriteria.

In terme van die Skole Wet 1996 asook Regulasies wat op 18 Oktober 2006 in die Staatskoerant verskyn het kan ouers onder sekere omstandighede aansoek doen vir vrystelling of gedeeltelike vrystelling van die betaling van skoolfonds vir die 2019skooljaar

1. Indien die gekombineerde jaarlikse bruto inkomste van die ouers minder as R51,000 beloop, kwalifiseer die ouers vir volle vrystelling van die betaling van skoolfonds vir die 2019 skooljaar. Vrystelling geskied nie outomaties nie maar deur die nodige vorms vir vrystelling te voltooi tesame met 'n beëdigde verklaring deur 'n Kommissaris van Ede bekragtig.
2. Indien die gekombineerde jaarlikse inkomste van die ouers R510,000 of meer beloop, is skoolfonds ten volle betaalbaar tensy u meer as 6 kinders op skool het.
3. Indien die gekombineerde jaarlikse inkomste bv. R102,000 beloop en u drie kinders op skool het, kwalifiseer u soos per die aangehegte glyskale. Die nodige vorms moet slegs deur u voltooi word om u gesamentlike jaarlikse inkomste ens. te bepaal en die nodige berekeninge sal namens u deur die skool gedoen word om u las te vergemaklik.

Glyskaal voorbeeld vir Vrystelling met Gekombineerde Inkomste van R51,000; R102,000; R510,000 en met 3 kinders op skool:

Gekombineerde Bruto Inkomste Per jaar (2018/19)	Kind 1 % Vrystelling	Kind 2 % Vrystelling	Kind 3 % Vrystelling

Tot en Met <u>R51,000</u>	**<u>100%</u>**	**<u>100%</u>**	**<u>100%</u>**
<u>R102,000</u>	**<u>50%</u>**	**<u>60%</u>**	**<u>67%</u>**
<u>R510,000</u> en meer	**<u>0%</u>**	**<u>0%</u>**	**<u>0%</u>**

4. Bogenoemde is slegs 'n voorbeeld vir die berekening van die persentasie vrystelling en 'n meer volledige skedule is aangeheg vir u inligting.(gemerk as skedule B)

<u>ONDER DIE VOLGENDE OMSTANDIGHEDE IS DAAR ALGEHELE VRYSTELLING VAN DIE BETALING VAN SKOOLFONDS ONGEAG INKOMSTE KATEGORIE VAN DIE VOOG OF OUER.</u>

1. 'n Persoon wat verantwoordelik is vir 'n kind in 'n pleegsorg -inrigting.
2. 'n Kind in pleegsorg
3. 'n Kind in 'n plek van veiligheid.
4. Gevalle waar 'n kind die hoof van die huishouding is.
5. 'n Persoon wat 'n sosiale toelaag vir 'n kind ontvang.
6. 'n Persoon wat na 'n kind omsien wat deur ouers verwerp is en sonder enige sigbare ondersteuning is.

<u>Aansoek moet gedoen word vir vrystelling en bewys moet gelewer word ten opsigte van al die bogenoemde gevalle aangesien vrystelling nie outomaties is nie.</u>

Indien 'n ouer of pleegouer wil aansoek doen om vrystelling of om oorweeg te word vir gedeeltelike vrystelling van die betaling van skoolfonds ten opsigte van enige kind, <u>MOET daar skriftelik aansoek gedoen word by die Voorsitter van die Beheerliggaam voor of op 1 Februarie 2019</u>. U kan verder navraag doen by die skool om die nodige vorms te bekom en let asseblief daarop dat <u>alle informasie wat benodig word om u aansoek te oorweeg onder eed verklaar moet word. Vrystellings of gedeeltelike vrystelling geskied nie outomaties nie, maar slegs op die meriete van elke individuele aansoek na oorweging deur die beheerliggaam</u>. Tot tyd en wyl u as ouer nie die prosedures gevolg het nie bly skoolfonds ten volle betaalbaar. 'n Ouer wat nie

tevrede is met die beslissing van die beheerliggaam ten opsigte van sy aansoek nie, kan appelleer teen sodanige beslissing.

Enige ouer of pleegouer wat nie **voor of op 1 Februarie 2019** aansoek om sodanige vrystelling gedoen het nie, word vir die **VOLLE skoolfonds** verantwoordelik gehou wat dan uitstaande is en sodanige stappe in terme van die Skole Wet sal dan geneem word om dit in te vorder.

Aangeheg is die volgende dokumente vir u aandag :

- **Skedule A** **Skoolfonds tariewe ten opsigte van 2019 asook Nasorg tariewe vir 2019**
- **Skedule B** **Glyskaal/Kategorieë vir Vrystelling van skoolfonds.**

Ek vra u samewerking in die verband en herinner u vriendelik , dog dringend daaraan dat die skool u as ouers se ondersteuning nodig het om toe te sien dat ons kinders gehalte onderrig ontvang. Om nie die goeie gees van samewerking te vertroebel nie, vra ek u vir u onvoorwaardelike steun om u verpligtinge na te kom sodat dit nie vir ons nodig sal wees om ongewilde stappe te neem nie.

Indien u probleme ondervind kom gesels met ons, maar moet asseblief nie die skool ignoreer of kontak vermy nie. Onderrig is vir al ons kinders en saam moet ons probleme aanspreek en oplossings vind om sinvolle en kwaliteit onderrig aan ons kinders te bied. Ons is dit aan elke een van hulle verskuldig.

Ons is dankbaar vir al diegene wat hul skoolfonds verpligtinge gereeld nagekom het gedurende 2018 en hoop en vertrou dat ons 2019 in dieselfde gees van samewerking tegemoet kan gaan. Die toekoms van ons kinders is in u hande en die sukses wat ons gaan behaal, word deur u toedoen en samewerking bepaal.

SKEDULE A : SKOOLFONDS TARIEWE 2019

BRUTO SKOOLFONDS TARIEWE VIR 2019 VOOR VRYSTELLINGS IN AANMERKING GENEEM IS VIR GETAL KINDERS EN INKOMSTE KATEGORIEË:

SKOOLFONDS	Bruto Skoolfonds	Deposito	Balans	Betalings Prosedures
PER JAAR	R5100	R500	R4600	Indien Bruto bedrag voor einde Maart betaal word sal 10% korting op R4600 toegestaan word.
PER KWARTAAL	R1275	R500	R1150	Betaling per kwartaal moet binne eerste twee weke van elke kwartaal geskied
PER MAAND	R510	R500	R460	Betalings geskied vanaf Januarie tot Oktober 2019
'n Deposito van R500 per kind is betaalbaar deur alle ouers voor of op 1 Februarie 2019, indien volle vrystelling nie geld nie. Geen uitstel sal gegee word na 1 Februarie 2019 vir sodanige betaling nie.				
Aantal Kinders per ouer is nie in voorbeeld gebruik nie en sal in aanmerking geneem word by Vrystellings volgens skedule B .				

NASORG TARIEWE:

TARIEF PER MAAND	TARIEWE	VOORUITBETAALBAAR AAN DIE BEGIN VAN ELKE MAAND
R650	MAANDELIKS Vanaf 1 Februarie tot 1 November	Vooruitbetaalbaar en geen vrystellings geld nie

SKEDULE B : GLYSKAAL KATEGORIEË VIR VRYSTELLING VAN SKOOLFONDS VIR 2019

	BELLVILLE LAERSKOOL					
SKOOLFONDS VRYSTELLINGS KATEGORIEË VIR 2019						
GESAMENTLIKE BRUTO INKOMSTE	**Fooie as % Van inkomste**	**Getal afhanklikes Persentasie vrystelling Per kind AANTAL KINDERS**					
		1	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**
ONDER R51,000	**10%**	**100%**	**100%**	**100%**	**100%**	**100%**	**100%**
R56,666	**9%**	**94%**	**96%**	**96%**	**97%**	**97%**	**98%**
R63,750	**8%**	**88%**	**90%**	**92%**	**93%**	**94%**	**94%**
R72,858	**7%**	**79%**	**83%**	**86%**	**88%**	**89%**	**90%**
R85,000	**6%**	**67%**	**73%**	**78%**	**81%**	**83%**	**85%**
R102,000	**5%**	**50%**	**60%**	**67%**	**71%**	**75%**	**78%**
R127,500	**4%**	**25%**	**40%**	**50%**	**57%**	**63%**	**67%**
R170,000	**3%**	**0%**	**7%**	**22%**	**33%**	**42%**	**48%**
R255,000	**2%**	**0%**	**0%**	**0%**	**0%**	**0%**	**11%**
R510,000	**1%**	**0%**	**0%**	**0%**	**0%**	**0%**	**11%**
	INTERVALLE VAN 'N 0,5%						

Dear Parent

NOTICE IN RESPECT OF SCHOOL FEES PAYABLE FOR THE 2019 SCHOOL YEAR AS WELL AS THE PROCEDURES TO BE FOLLOWED WHEN APPLICATION IS MADE FOR EXEMPTION OR PARTIAL EXEMPTION FROM THE PAYMENT OF SCHOOL FEES IN TERMS OF THE SCHOOL'S ACT (ACT NO. 84 OF 1996)

I would like to bring the following important information to your attention with regard to the school fees payable for the 2019 school year. It is very important to note that the notice and procedures mentioned will only be applicable for the 2019 school year.

Outstanding fees of previous years will still be collected in the normal fashion and remain payable even though you may qualify for exemption or partial exemption in respect of the 2019 school year.

Please note that school fees are payable in terms of Section 40 of the School's Act to the extent that you may qualify as parent for a reduction or exemption at the hand of certain criteria.

In terms of the School's Act 1996, as well as Regulations published on the 18 th October 2006 in the Government Gazette, parents can under certain circumstances apply for exemption or partial exemption from paying school fees in respect of the 2019 school year.

1. If the combined gross income of both parents is less than R51,000 you qualify for full exemption from the payment of school fees for the 2019 school year. Exemption will only apply where the necessary forms have been completed together with a sworn declaration signed and attested to by a Commissioner of Oaths.
2. If the combined gross income of both parents is R510,000 or more then school fees remain payable in full unless you should have more than 6 learners at school.
3. If the combined gross income per annum of both parents is for example R102, 000 and you have three learners at school, then you qualify for exemption as per the attached sliding scale. The necessary forms must only be completed by the parents in respect of the combined gross income etc. and the calculations for exemption will be done by the school in order to assist you.

Sliding scale example of parents with 3children at school and a combined gross income of R51,000; R102,000; and R510,000.

Combined Gross Income for 2017/18	Child 1 % Exemption	Child 2 % Exemption	Child 3 % Exemption	Child 4 % Exemption

Up to R51,000	**100%**	**100%**	**100%**	**100%**
R102,000	**50%**	**60%**	**67%**	**71%**
More than R510,000	**0%**	**0%**	**0%**	**0%**

4. The above is only an example to show the calculation of the percentage exemption and a more comprehensive schedule is attached for your information.(schedule marked as schedule B)

UNDER THE FOLLOWING CIRCUMSTANCES TOTAL EXEMPTION FROM THE PAYMENT OF SCHOOL FEES APPLY IRRESPECTIVE OF THE INCOME CATEGORY OF THE PARENT OR GUARDIAN

1. A person responsible for a child in a children's home.
2. A child in foster care.
3. A child in a place of safety.
4. Cases where a child is the head of the household.
5. A person in receipt of a social grant for a child.
6. A person taking care of a child who has been abandoned by his/her parents and has no visible means of support.

Application must be made for exemption and evidence must be presented in respect of all of the above mentioned cases as exemption is not automatic under these circumstances.

If a parent or foster parent wishes to apply for exemption or to be considered for partial exemption from the payment of school fees in respect of any child, application MUST be made in writing, addressed to the Chairperson of the Governing Body on or before the 1st February 2019.

You can enquire at the school to obtain the necessary forms for exemption purposes and please note that all information required to consider your application must be made under oath.

Exemptions or partial exemptions will not be automatic but will only be considered on the merits of each individual case after careful consideration by the management body. Until such time that you as parent has followed the laid down procedures the school fees remains fully payable. A parent that is not satisfied with the decision of the management body in respect of his application, may appeal such decision.

Any parent or foster parent that has not applied for exemption before or on the **1st February 2019** will be held liable for the **FULL school fees** that is outstanding and the necessary steps in terms of the School's Act will be taken to collect such fees.

Attached please find the following documents for your attention :

- **Schedule A School Fee tariffs for 2019 as well as the After care tariffs for 2019**
- **Schedule B Sliding scale/ Categories for Exemption of school fees.**

I appeal to you as parents for your co-operation and wish to remind you that the school needs your support as parents in order to ensure quality education for our children. In order not to upset the spirit of co-operation, I appeal for your unconditional commitment and support for honoring your school fee obligations, and not to make it necessary for us to take unpopular steps.

If you should experience any problems, please come and talk to us but do not simply ignore the school or avoid contact with us. Education is for all our children and together we must face problems and find solutions to ensure meaningful and quality education for them. We owe it to each and every one of them.

Schedule A : SCHOOL FEE TARIFFS FOR 2019

GROSS SCHOOL FEE TARIFFS FOR LEARNERS BEFORE NUMBER OF CHILDREN AND GROSS COMBINED INCOME HAVE BEEN TAKEN INTO ACCOUNT FOR EXEMPTION PURPOSES.

SCHOOL FEES	Gross School fees	Deposit	Balance	Payment procedures
PER ANNUM	R5100	R500	R4600	If Gross amount is paid before 31st March 2019 a discount of 10% on R4600 is applicable.
PER TERM	R1275	R500	R1150	Payment per Term must be made within first two weeks of every Term.
PER MONTH	R510	R500	R460	Monthly payments are due from end of January to end of October 2019
A deposit of R500 per child is payable by all parents on or before 1st February 2019 if full exemption is not applicable. No further extension will be given for payment thereof.				
Number of children has not been used in the example and will be taken into account for exemptions as per Schedule B.				

AFTER CARE TARIFFS:

TARIFF PER MONTH	ONLY MONTHLY	PAYABLE IN ADVANCE AT BEGINNING OF EACH MONTH
R650	As from 1 February to 1 November	

SCHEDULE B : SLIDING SCALE CATEGORIES FOR EXEMPTION OF SCHOOL FEES FOR 2019

	BELLVILLE PRIMARY SCHOOL						
SCHOOL FEES EXEMPTION CATEGORIES FOR 2019							
JOINT GROSS	**Fees**	**NUMBER OF DEPENDENTS**					
INCOME	**as %**	**PERCENTAGE EXEMPTION PER CHILD**					
	of income	**NUMBER OF CHILDREN**					
		1	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**
UNDER R51,000	**10%**	**100%**	**100%**	**100%**	**100%**	**100%**	**100%**
R56,666	**9%**	**94%**	**96%**	**96%**	**97%**	**97%**	**98%**
R63,750	**8%**	**88%**	**90%**	**92%**	**93%**	**94%**	**94%**
R72,858	**7%**	**79%**	**83%**	**86%**	**88%**	**89%**	**90%**
R85,000	**6%**	**67%**	**73%**	**78%**	**81%**	**83%**	**85%**
R102,000	**5%**	**50%**	**60%**	**67%**	**71%**	**75%**	**78%**
R127,500	**4%**	**25%**	**40%**	**50%**	**57%**	**63%**	**67%**
R170,000	**3%**	**0%**	**7%**	**22%**	**33%**	**42%**	**48%**
R255,000	**2%**	**0%**	**0%**	**0%**	**0%**	**0%**	**11%**
R510,000	**1%**	**0%**	**0%**	**0%**	**0%**	**0%**	**11%**
	INTERVALS OF 0,5%						